

VASGEKEER IN DOTAN

Elkeen van ons word by tye vasgevang in een of meer ernstige probleme: siekte, finansies, kapings, aanrandings, diefstal, korrupsie, en, en..... Was jy al doodsbenoud? Gevoel jou hart gaan staan? Die mure druk jou vas en daar is geen uitkoms nie? Die aanvalle en aanvallers maak jou bang en gedraan? By die werk gaan dit nie goed nie. Jou huwelik is op die rotse. Jy kan nie jou kinders beheer nie. Moenie sleg voel nie, jy is, soos Elisa se slaaf, in goeie geselskap!

In 2 Konings 6 lees ons 'n aangrypende verhaal. Die Arameërs het die stad Dotan in die nag omsingel om Elisa te vang. Vroeg die môre sien Elisa se slaaf die leër rondom die stad en vra bang en in radeloosheid vir Elisa wat hulle gaan maak. Elisa antwoord dat die slaaf nie bang moet wees nie, want "die wat by ons is, is meer as wat hulle is." Toe bid Elisa 'n baie kort gebed: "Here, maak tog sy oë oop dat hy kan sien." En die Here doen wat Elisa vra en sy slaaf sien die berge rondom hulle was vol perde en strydwaens van vuur! Op wonderbaarlike wyse red die Here hulle. Hulle hoef nie 'n vinger te verroer nie! Nie 'n oog te knip nie! Net kyk hoe die Here hulle red.

Maak ons nie ook meestal die fout, om soos die slaaf, myself teenoor die oormag te sien en dan tou op te gooi nie? Die taak is te groot, ek gaan te gronde, ek gaan verloor. My geloof is hopeloos te klein, my sonde te groot. Selfs te groot dat Jesus my sal vergewe. Die radeloosheid oorval my nie net snags nie, maar ook helder oordag. Ek het geen rus en vrede nie, net 'n bonsende, bang hart. Dan bid ek ernstig en sê vir Jesus dat ek my bekommernisse aan die voet van sy kruis neerlê. Maar dan staan ek op en tel die bondel weer op en sleep dit maar weer saam. Staar my blind teen teen die oormag. My oë is nie oop nie, ek sien nie regtig die wat by my is, is meer as wat hulle is nie. Met die Here by my, is geen oormag te groot nie! Is ek nooit alleen nie. Is ek tot alles in staat!

Ek bid dat die Here jou en my oë sal oopmaak dat jy en ek sy engele rondom ons sien en sy liefde, genade en beskerming ervaar!

Jan Lubbe